# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 | Nommer 20 | 24 Mei 2026


## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 24 MEI – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** Esegiël 37:1-14
**Teksverse:** Esegiël 37:12-13
**Tema:** Pinkster: God gee lewe deur Sy Woord en Gees!

Esegiël 37 vertel van ’n vallei vol droë bene wat deur God se krag weer lewe kry. Hierdie visioen is aan Israel gegee terwyl hulle in ballingskap was - sonder hoop, sonder land en sonder sekerheid oor God se teenwoordigheid. Die droë bene het hulle geestelike en nasionale toestand uitgebeeld. Maar God belowe herstel, nuwe lewe en ’n toekoms. Hierdie verhaal wys ook na ons eie lewe. Sonder God is ons geestelik dood, maar deur Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees gee God nuwe lewe. Hy maak die onmoontlike moontlik en verander mense wat geestelik dood is in mense wat werklik leef vir Hom. Daarom leef ons nou in ’n verhouding van geloof, gehoorsaamheid en vertroue. In die Woordverkondiging let ons op:

1. Die HOPELOSE SITUASIE
2. God se UITKOMS
3. Ons REAKSIE

## BYBELSKOOL SONDAG 24 MEI – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Profete: Esegiël en Daniël
Die boeke Esegiël en Daniël speel af tydens Israel se Babiloniese ballingskap en wys hoe God steeds in beheer bly te midde van oordeel en lyding. Esegiël fokus op God se heerlikheid, Israel se sonde en die hoop op herstel. Hy waarsku dat Jerusalem en die tempel vernietig sal word, maar verkondig ook dat God nuwe harte en sy Gees aan sy volk sal gee. Sy visioene van die droë bene en die nuwe tempel beklemtoon herstel en nuwe lewe. Daniël vertel van Daniël en sy vriende wat getrou aan God bly in Babilon. Deur drome en visioene openbaar God dat aardse koninkryke tydelik is, maar dat sy ewige koninkryk uiteindelik sal oorwin. Beide boeke bring 'n boodskap van hoop en volharding.

## SONDAG 24 MEI 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Teologiese studente en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 31 Mei is na die oggenddiens vir die Koningskinders.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 16 – Oudl. Vakant
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rina Aucamp
- Katkisasie: les 13

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 25 TOT 31 MEI 2026

**Dinsdag 26 Mei**
18:30 Ouderling verslagvergadering
**Woensdag 27 Mei**
09:00 Forum
**Donderdag 28 Mei**
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Nastassja Verster
**Vrydag 29 Mei**
Padkafee
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Nastassja Verster
18:30 Musiekkonsert
**Saterdag 30 Mei**
130-Jaar feesnaweek
**Sondag 31 Mei**
Nagmaal & Nabetragting

## DIENSBEURTE SONDAG 31 Mei 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv Nagmaal
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv Nagmaal
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 17 – Oudl. Wikus Verreynne
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv Nagmaal

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**
**Baie geluk aan ons 70-Plussers Wat verjaar:**
**24 Mei**
- Sr Kotie Smith (072 990 1342) Wyk 37

**26 Mei**
- Sr Niesje van Kaam (082 093 2345) Wyk 32

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**24 Mei**

- Sr Lorraine Gravett (083 327 1629) Wyk 39

**26 Mei**

- Jsr Danell van der Zee (082 821 0076) Wyk 26

**27 Mei**

- Br Alex Boonzaaier (083 335 0673) Wyk 19
- Br Werner Retief (083 660 2810) Wyk 21
- Sr Lia Verhoef (082 654 8519) Wyk 5

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

**24 Mei**

- Br Carl en sr Lorinda Rossouw (076 143 2201) Wyk 34 met hul 7de herdenking.

**26 Mei**

- Br Johan en sr Carin Strydom (082 852 4043) Wyk 26 met hul 36ste herdenking

**30 Mei**

- Br Jan en st Martie Vorster (063 636 3396) Wyk 39 met hul 34ste herdenking

**Lief en leed**

- Meelewing met br Dieter en sr Hanri vd Merwe (082 375 7963) Wyk 13 asook hul kinders met die afsterwe van br Dieter se ma Petra vd Merwe. Ons dink ook aan sr Hettie Grové (083 3060 123) Wyk 31, Petra se suster.
- Ons doen voorbidding aan br Jan Vorster (063 636 3396) Wyk 39 wat vir toetse in die Wilgeheuwel hospitaal opgeneem is en wag vir uitslae en behandeling.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 17 Mei 2026**

| | |
|---|---|
| R 1678.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1105.00 | Oggend: Deure/ Expando |
| R 90.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 100.00 | Aand: Kerkkas |

**SnapScan: 17 Mei 2026**

| | |
|---|---|
| R 1031.75 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 356.47 | Oggend: Deure/ Expando |
| R 347.78 | Aand: Barmhartigheid |
| R 154.56 | Aand: Kerkkas |

## *Beroepenuus*

*Beroepe ontvang*

- Ds JP du P (Johannes) Aucamp van GK Rietvallei na GK Sanveld (Namibië)
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad

*Beroep aanvaar*

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier

*Beroep nie aanvaar nie*

- Ds HV (Henning) Venter van GK Windhoek na GK Sanveld (Namibië)

## *Dopper Shopper*

U het ŉ geleentheid om advertensies in te stuur vir plasing in die Dopper Shopper wat op 31 Mei 2026 sal verskyn. Die sluitingsdatum vir plasing van advertensies is 27 Mei 2026. Stuur u advertensie in Word- of JPEG-formaat na skriba@gkkrugersdorp.co.za.
Lidmate kan gratis (A5-kwartblad) produkte, goedere, dienste, werk-geleenthede, vaardighede, ensovoorts in die Dopper Shopper adverteer. Die kostes vir ŉ A5-halfblad is R100 en vir ŉ A5-volblad R200.
Nie-lidmate en plaaslike besighede is ook welkom om advertensies in die Dopper Shopper te plaas. Pryse vir plasing is op aanvraag beskikbaar.

## *Gedagte vir die week*



Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.
Efesiërs 2:8-10

## ***Koningskinders Mei 2026 byeenkoms***

Na dae van reën en koue het ons op ‘n sonnige Saterdag weer bymekaar gekom. Die kinders het gekom en gekom. Ons het begin benoud raak want die spasie is maar min.

Broodjies is geëet en daar is gespeel. Toe ons dink hulle is nou moeg genoeg is hulle in die kerk in waar Colin die geestelike waargeneem het. Die eer jou vader en moeder van die Tien Gebooie het aan die beurt gekom. Dit is nogal ‘n moeilike een want sommige van hierdie ouers se optrede is van so ‘n aard dat dit nogal moeilik is om vir hulle respek te hê. Maar hierdie respek strek verder as nie net vir die ouers nie maar ook onderwysers, vriende en jou naaste. Moenie haat met haat vergeld nie. Bid eerder vir diegene wat jou seer maak. Die Here het ons lief en so moet ons ook teenoor ons naaste optree.



Terwyl almal binne die kerk was het ons buite geskarrel om die pannekoeke te rol, jellie en vla in bakkies te skep en koeldrank in te gooi. Die hoender burgers is vooraf gemaak en verpak. Nadat ons vir die kos gebid het is die kos uitgedeel. Elke keer dink ek die chaos gaan minder wees maar o wee. Nadat almal hulle kos geëet het is is elkeen met ‘n handvol koekies en ‘n pakkie skyfies huis toe. Daar was ook ‘n skenking van sagte speelgoed waarvoor hulle so dankbaar was.

Tevrede maar ook bietjie moeg was dit weer tyd om huiswaarts te keer. Dankie aan almal vir die skenkings en hulp. Julle liefde en omgee word opreg waardeer. Aan God al die eer.
Groete Hannetjie Harris







# *Versoening*

Vóór die sondeval het Adam en Eva in die Paradys in 'n volmaakte en onbesoedelde verhouding met God gelewe. Daar was geen sonde wat hierdie verhouding enigsins aangeraak het nie. Maar met die sonde van Adam en Eva is hierdie heilige verhouding verbreek, deurgesny. Meer nog: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23) – die ewige dood van die verdoemenis. Elke mens – ook jy en ek – is as gevolg van ons erfsonde en ons werklike sonde voor God, nie siek nie, maar dood. Om weer te kan lewe en om die verhouding met God te herstel, moet ons met God versoen word. Die muur van die sonde tussen jou en God, moet uit die weg geruim word.

God is ons egter oneindig genadig. Hý stel die offers in die Ou Testament in. Die offerdier sterf in jou plek om jou met God te versoen. Die offerdiere kon egter nie werklik jou sonde wegneem nie. Elke offer was as't ware 'n uitroep, 'n vra na 'n beter offer, 'n profesie na 'n volmaakte offer wat werklik jou sonde kon wegneem, en wat jou werklik met God kon versoen. Daarom staan daar so duidelik in **Romeine 6:23**: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."

In die Ou Testament het die priesters elke dag offers gebring, want hulle het diere geoffer, onvolmaakte offers. Met Christus, as ons enigste en ware Hoëpriester is dit egter anders.

- **Hebreërs 7:27**: "Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy **Homself geoffer** het."
- **Hebreërs 9:14**: "Hiervoor het Christus immers **Homself** as **volkome offer** deur die ewige Gees aan God **geoffer**."
- **Hebreërs 2:17**: "Hy (was) 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God … om die sondes van die volk te **versoen**."

Christus het die gebroke verhouding tussen ons en God kom heel maak, volkome kom herstel. **1 Johannes 2:2** leer ons: "Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." **Kolossense 1:20**: "Deur Hom (Christus) het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

Wanneer jy in Jesus glo, het jy wat as gevolg van jou sonde 'n vyand van God geword het – jy kan nou 'n kind van God wees. Jy wat vir die dood bestem was, lewe nou ewig – jy lewe al het jy ook gesterwe, en sal in alle ewigheid nooit weer sterwe nie (Joh.11:25-26). Jy wat vol sonde is en 'n verskriklike skuldbrief (aanklagstaat) (Kol. 2:14) teen jou het, kan nou voor die regterstoel van God gaan staan met geen aanklag meer teen jou nie (1 Kor. 1:8). (Is dit nie wonderlik om dit nóú al te weet nie!) Jou klagstaat is saam met Christus aan die kruis gespyker (Kol. 2:14).

Jesus kondig sy lyding (sy dood en spot, en ook sy opstanding) aan (Mark. 10:33-34). Hy vertel vir sy dissipels van sy ergste vernedering, maar dan vra die twee broers Jakobus en Johannes vir Jesus die byna skokkende vraag om in die hemel ereplekke (een links en een regs van Hom) te kan kry. Jesus vertel egter vir hulle van sy diepste vernedering en nederigheid, en wat dit beteken. In **Markus 10:45** sê Hy: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as **losprys** vir baie mense."

Op dié Groot Versoendag, die Vrydag toe Jesus gekruisig is, die oomblik toe Hy gesterf het en Hy gesê het "Dit is volbring." (**Joh.19:30**) – "Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder [deur God se toedoen] middeldeur geskeur." (**Matt. 27:51**) Die skans van die sonde is verwyder. Jy en ek wat in Jesus glo, is nou met God versoen en het vrye toegang tot God "agter" die tempelgordyn, toegang tot God in die hemel. "Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het." (**Hebr. 7:27**) In die Nagmaalsformulier hoor ons elke keer (en word ons verseker) dat die liggaam van Christus gebreek is en sy bloed gevloei het "tot 'n **volkome versoening** van **al ons sondes**." Jou sonde is vir goed, vir ewig weggeneem. Jou sonde is nie meer 'n versperring tussen jou en God nie. Wat 'n heerlike geskenk van ons God wat aan jou en my hierdie oneindige genade bewys het deur Jesus Christus se versoeningswerk!! Kan jy Hom ooit genoeg daarvoor dank en prys en eer?

"Loof God, omdat Hy goed is,
en goed is sonder end!"
(Ps. 107:1 ber)

– André Grové

## ***Bankbesonderhede***

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**
**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>17 Mei</u>**
Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid 1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**<u>24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**<u>31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)</u>**
Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons 'n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).
Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**<u>7 Junie</u>**
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**<u>14 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**<u>21 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**


29-31 MEI 2026
130-JAAR
Feesnaweek
VRYDAG
29 Mei 2026
SATERDAG
30 Mei 2026
SONDAG
31 Mei 2026
Musiek-
konsert
18:30
Gratis sop
word bedien
vanaf 17:30
Donasies
welkom
Gemeente
-ete
Vanaf 18:00
Ete gratis
Donasies
welkom
Nagmaal
09:00
130
1896
2026
GEREFORMEERDE
KERK
KRUGERSDORP
GEREFORMEERDE KERK
KRUGERSDORP


MOOTKAMP
12 - 18 Julie 2026
Fraaibos Kampterrein
Koste
Skoolverlaters: R1000 pp
Groepleiers: R1100 pp
Slegs vir Gr. 10 - 12
Skryf nou in
Vir enige navrae:
SJ: 066 391 7446
AS JY MOOT WEET SAL JY